Zapper™

Zwarrie ondersteuners kan nou makliker as ooit enige betalings by die Zone doen deur middel van jou Debiet- of Kredietkaart.

Die Zone is natuurlik die naam van die Zwarrie Ondersteunersklub se Klubhuis.

Met die Zapper "app" op jou selfoon kan jy vir ledegeld, kos, klere, die huur van die Zone en vir ons fondsinsamelings betaal en selfs maandelikse donasies maak aan die Zwarrie Ondersteunersklub.

Hierdie betaling-meganisme sal die Ondersteunersklub in staat stel om minder kontant te hanteer en kaart transaksie te kan verwerk.

In die verlede het ons 'n hele paar lede verloor aan die gebrek van 'n debiet- / Kredietkaart fasiliteit en hoop ons deur hierdie meganisme bekend te stel dat meer Zwarrie ouers by die Zwarrie Ondersteunersklub sal kan aansluit.

Hoe gemaak om om hierdie "app" af te laai...

Dit is werklik baie eenvoudig.

Gebruik jou selfoon en gaan na www.zapper.com, kies dan die "Download" funksie en volg die stappe vir jou foon se spesifieke beheerstelsel, of "Apple", of "Android" of "Windows". Maak net seker dat u foon se beheerstelsel ten minste die weergawe is soos op die webblad aangedui.

Jy sal dan gelei word deur die opstel en aktivering van jou Zapper profiel.

Waar kan Zapper gebruik word.

Buiten betalings by die Zone kan jy ook betalings doen by enige handelaar, restaurant, vulstasie of vlooimark-uitstaller wat as Zapper handelaar geregistreer is; en daar is al baie.

Wat van Sekuriteit van jou kaart inligting.

Hierdie "app" het 'n ingeboude addisionele wagwoord fasiliteit, en geen kaart inligting word ooit vertoon nie. Met ander woorde buiten jou selfoon se wagwoord het u 'n verdere wagwoord as sekuriteit.

Indien u selfoon gesteel sou word het u slegs nodig om die Zapper inbelsentrum te skakel en hulle sal dan, na bevestiging of jy die ware eienaar van die selfoon is, die Zapper "app" van die gesteelde selfoon verwyder.

Betaal vandag u 2017, Zwarrie Ondersteunersklub ledegeld.

Ledegeld beloop R120.00 per jaar persoon**. In die verwysingsveld Moet u asseblief insleutel "Ledegeld"**



Die Bestuur van die Zwarrie Ondersteunersklub hoop terdeë dat die Zapper Debiet-/Kredietkaart betaling-meganisme vir Zwarrie Ondersteuners van waarde sal wees.